

Woensdag 25 Oktober

Skriflesing: Efesiërs 2:8-10

Fokusgedeelte: Efesiërs 2:10

Kinders van God staan uit as werknemers

Nie baie jare terug nie kon jy glad nie gaan werk soek sonder 'n getuigskrif van jou predikant nie. Daardie getuigskrif het nie gehandel oor jou studie, werkservaring of prestasies nie. Die getuigskrif getuig oor jou opregte kind van God wees.

En hoe belangrik is hierdie getuienis nie, want 'n kind van God staan bo almal uit as werknemers. 'n Kind van God is deur God geskep om die goeie werk/e te doen wat God vir hom voorberei het. As werknemer is 'n gelowige dit wat God hom gemaak het: 'n nuwe mens wat nie meer vir die sonde leef nie, maar vir Hom wat sy Redder en Verlosser is. Hy dra die vrug van die Heilige Gees, naamlik liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Die gawes, talente en toerusting wat die Here hom gegee het, bedien hy biddend onder leiding van die Gees. Hy doen sy werk in die eerste plek soos vir die Here. Hy is elke dag besig met die goeie werke wat God vir hom voorberei het. Sy ywer en toewyding om die Here te dien, word gesien in die verantwoordelikheid neem vir sy daaglikse werk.

Al staan 'n kind van God uit as die beste werknemer, soek hy geen roem nie. Hy weet dat die mens wat hy is, net die genadewerk van God in Jesus Christus is. Christus het hierdie nuwe lewe vir jou as kind van God verwerf deur sy lyde en sterwe aan die kruis.

Nederig doen jy as dankbare kind van God die goeie werke wat vandag vir jou bestem is. Jy doen dit as 'n onverdienselike dienskneg van Christus.

Sing: Psalm 105-1:3, 24

Ds DJ Bakker (Daan) (emeritus)